# koors/fotografie

twee versamelings gedigte

BRAND SMIT



# KOORS/FOTOGRAFIE

twee versamelings gedigte

BRAND SMIT

© 2009 Barend J. L. Smit

Alle regte voorbehou
Eerste uitgawe 2009

*Hierdie dokument bevat enkele gedigte uit die boek,*
"Koors/Fotografie: Twee Versamelings Gedigte".

**I.** KOORS


gedig, deel een
nog naamloos
ruimtes
brommer
kaarthuis
transformasie
onvermydelik, miskien
dag vol beskawing
pandhuis
twee wat vry was
zombie
moed
soldaat
verwagtinge
dogmatiek
hoop
gees
kind
massa
persoonlike getsémané
vrou (i)
toekomsvisioen
vrees
nuwe mens (i)
as die drade deurmekaar raak
ons was al hier?
skeiding
niemand-land
nagwag
raat vir slegte slaap
stille nag
son
dagbreek
lig wat binnedring
koors
nuwe mens (ii)

’n ander soort einde
terapie vir die agterman
waar op aarde?
laaste een vir jou
vrou (ii)
piekniek teen skemer
gedig, deel twee
vlugteling
tydreis

* * * * * * * * * * *

## **II.** FOTOGRAFIE

### Album, deel een

persoonlike bevrydingsleër
een van drie wense
fragmente van ’n toekoms
fotografie, een
held (of mitologie, twee)
woestyn, een
lesse
Feniks/Icarus (of mitologie, een)
skoon lakens
nota
hande
pornografie, een
halwe gedig
woensdag
skuins
sirkel
skinder
woestyn, twee
betree die dag
versoening

**Los foto's uit 'n laai**


1985: seun in die somer
1988: beter dae
1991: suid
1993: kunsmatige ongeloof
1994: vaderfiguur
1995: gedig vir heidi
1996: ekspatriasie (vrydagaand in 'n vreemde land)
1997: gedagtes op pad na 'n kroeg in suid-korea
1998: serenade aan die man in die huis
1999: ek vind myself
2003: groepfoto by 'n teeparty


**Album, deel twee**


fotografie, twee
sink
storm
lyne
slyp
geografie
(ongetiteld)
skoene
(nog 'n) naggedig
plek
monoloog
stammeling
[gedig op kort kennisgewing]
pornografie, twee
troos
wetenskap, een & twee
fotografie, drie
engel
stop
die kaal bed
nie vanaand nie

# I. verskeie faktore wat aanleiding gee tot **KOORS** en die helderheid daarna

**nog naamloos**

buite:

meesters blaf bevele aan die knegte uit
die marionette knik
arms omhoog vir die eerste beweging
en die massas skarrel vir ’n beter posisie

oor werketiek en wysheid
dweep die lekeprekers voort
wyl die soete vrugte vrot aan bome ryp
vir samaritaanse barmhartigheid

pare lê fluks in deurnagfabrieke
stamp wysies uit vol geykte lirieke
fondasies lank begrawe, wag
vir ’n toekoms vol ruïnes

vertrek:

’n swerwer, ek
swerf skuif’lend tussen mure rond
stop elke nou en dan om weer te kyk
na die feite van my eie sterflikheid

ek skryf-trek-dood, skryf-trek-dood
aan tot nou toe titellose boeke
preek half-waarhede steeds onwillig
vir almal wat voorgee hulle kan verstaan

soek in al die tyd steeds na my eie naam
in die weerkaatsing van die werklikheid

**dag vol beskawing**

die elektroniese toestel langs my kop begin
onverwags en ongeskik met sy meganiese geraas
ek kruip moeg, onwillig, brommend uit die bed
om weereens te begin met my beskaafde rituele

elke haar noukeurig word van my wange afgeskeer
die nag se sweet en vuilheid weggeskrop
en dan noodwendig, want dit kan nie anders nie
moet ek klere soos ’n masker oor myself drapeer

kort voor nege is ek driftig aan die gang
my gesprek alreeds steriel, my reaksie kamoefleer
stem-karikature klets my ore moeg
terwyl die sogenaamde “baas” my gedrag en woorde bly dikteer

letters op plastiek in uniforme handskrif
vel industriële prosa op die skerm voor my neer
ego’s word subtiel gepoets om te kan styg
op die allesoorheersende ambisie-leer

kort na ses is ek een met ’n eenton stuk metaal
stop-ry-stop sukkel ek deur stad-na-voorstad spitsverkeer
en elke honderd of so meter word ons almal deur
flikkerende aan-af rooi-groen-geel gereguleer

uiteindelik terug by wat ek noem my huis
gaan ek meganies deur nog ’n aandroetine
probeer ek, soos gewoonlik, om my siel en vlees
na ’n fraksie van normaal te rehabiliteer

maar vanuit my murg en diepste wese kom
’n kreet uit die kele van my verste voorgeslagte nader
’n wekroep in ’n taal wat ek soms dink ek nie meer verstaan nie
aan ’n mens in my wat ek soms vergeet, elke dag bestaan

en ek sien: ek worstel teen koue donker rots
’n gyselaar in ’n geëlektrifiseerde neon grot
ek smeek pateties en vergeefs om uit te kom
en pleit daagliks verlossing van ’n oerou god

hierdie mens, hierdie manifestasie van myself, wil vry wees
sy vlees nie onderworpe aan die modes van sy tyd
aan niemand, aan geen maatskappy wil hy behoort
geen koord wat smoor die smagting na sy vryheid nie

so jaag ’n duisend reïnkarnasies deur my vlees en bloed
my ewolusie van oerheid na postmoderniteit
en na die rewolusies van tyd en van masjien
van maatskappy en hoe slawe hulle meesters dien

leef ek weer
leef ek, maar onvry

* * *

en na sewe en ’n halwe ure val ek weer
uit die koma-slaap van nog ’n nag

sal ek van vooraf weer begin met my beskaafde ritueel
sal ek weer ’n keer my voorgeskrewe rol moet speel

sal ek nog ’n dag moet leef soos gedikteer word
sal ek weereens sê en doen soos dié wat oor my wil regeer

of sal ek hierdie dag begin met die oortuiging
dat verlossing uiteind’lik net in myself te vinde is.

**soldaat**

in die dooie grasveld lê ’n soldaat
sy moraal is hoog, sy sake agtermekaar
sy kneukels wit om sy nuwe geweer
patrone wat blink in sy leer bandelier

sy voorraad patrone klap vroeg
teen klip, rots en kamoeflering
en die soldaat, met homself aan die praat, besef
sy berekenings het hom in die steek gelaat

koesend vir koeëls en waarskuwingskrete
kruip hy verward met sy hoed in die hand
om pynlik verleë te bedel, ’n patroon of twee,
’n bietjie koffie, en miskien ’n handvol twak

(johannesburg, 1998)

**kind**

wat doen die kind
as die wêreld om hom werklik word?
wat doen hy as die wolwe aanhou huil
en hy versoening toenemend soos verstrikking vind?

word die kind voortvlugtend
of keer hy in homself?
sal hy in elk geval verstaan
as hulle hom skaam, of anargisties noem?

en as hy die wolwe nie kan mislei
of hulle van sy reuk ontspoor nie,
sal dit werk as hy stukkies van sy siel wegsny?
sal die wolwe se bloeddorstige aptyt gaan lê?

kan hy dan gaan sit, kan hy eenkant wag
tot die gefragmenteerde siel grys klippe vorm?
mag hy glimlag as die wolwe dan waansinnig
soos besete varke by die krans afstorm?

## as die drade deurmekaar raak

opsie een:

opsoek na plek of hawe, sekulêr of heilig
waar ek oor die see kan staar
opsoek na ’n plek waar ek veilig … voel
my drade deurmekaar? dan kan ek daar
my vermoedens soos lanterns uit laat vaar
en wag: vir rede, of ’n doel
vir wat oneg is, en wat waar
ek veilig voel

opsie twee:

elke nag verbeel ek my ’n warm hoekie
waar ek my gedagtes kan verloor
en wanneer mens en dier die roepstem
van nog ’n nuwe dag aanhoor
sal iemand my daar vind
sal iemand my gedagtes dan met warm hande
weer aan my sinne vas kan bind

**stille nag**

die skemerblou gordyn val wulps
soos water val bedek dit skaars
die grou woestyn van nog ’n nag
(hoor ek reeds die oggend lag?)

nagtegale sing sporadies voort
die nagtrein spot, ooreis die siel
speel spoor teen spoor steeds
in malle stryd af, een teen twee

die oggendster lê intussen jags en wag
om nog ’n dag met ywer te bevrug
die nag-demone, spoke, woorde sonder drome
lê reeds in onveranderbare terme neergevel

dis eenuur … drie-uur … vyfuur
pleit die doodsuil op die dak
dan steeds in bygeloof bekoring?

maar ek bly prewel, skree half onbesonne
ek fluit besete, raas soos stormwind
ek vloek onwrikbaar steeds die donker in

want word hierdie nuwe dag
ten spyte van verwagtinge
dan nie te vroeg gebore?

**lig wat binnedring**

geraamte-vlees, atoom-vol-siel
sal ek eerbiedig kniel
en instem dat dit ál kan wees?

dan dink ek aan 'n kind
die onskuldige gelag;
teerheid in die woorde
van een wat jou bemin;
hoop in dinge steeds onsigbaar;
die angs wat nuwe liefde bring

: idees wat aanhou spring
tot die geheel daarvan jou binnedring

**vrou (ii)**

twee figure langs mekaar
rustend, tussen lakens en ’n veerkombers
ambulanssirenes en ’n hond wat blaf
onder in die straat, alarms gons eentonig aan-en-af

staan halwe koppies koue tee
vergete langs haar bed
sy word wakker, vind ’n sigaret
kyk sonder gedagtes tot diep in die skemer

oor die donker geboue skitter ’n enkele ster
en op die hoek flikker in neon, “Deurnagkafee”
dan sien sy die halwe koppies tee
en ’n glimlag skemer deur

**vlugteling**

ek vlug weg van wat ander noem die lewe
my oortuigings bly ’n potloodskets
my redes vaag en meestal ongeskrewe
tog bly ek hoop dat die gode my onskuld sal vergewe

want die dag, die uur, die maand, sal kom
dit weet ons van die eerste reël, die eerste strofe
wat ek terug sal wil kruip, dalk dié keer gereed
agter woorde wat rym, dog vermom

# **II.** FOTOGRAFIE

# Album, deel een

## fragmente van ’n toekoms

i

oor die woestyn lê verstrooi
drome, simbole, metafore van ’n toekoms
nog bevrore jare – koud en sonder lewe
maar in verstikkende hitte, hard aan die ontdooi

ii

uit juweel belaaide slote kom die dwase
wat verslane helde sonder skaamte bly vereer
ook banggatte van weleer wat hulleself bekeer
tot ’n vars broeisel profete, priesters en baronne

’n toekoms, sonder gelyke en ongekarteerd,
of so word daar in elk geval, telkemaal beweer

**lesse**

koudheid, liefde
skemerkelkies, reën
witgeverfde tande
knersende geween

blydskap, hartseer
sterre en prinsesse
spartaanse handeklap
stoïese prosesse

lesse om te leer

ongeskikte mooiheid
woes en deurmekaar
noodsaaklike gevriesdheid
bring ons bymekaar

vriendskap, merkers
toetse, vrae
geldetiek van werkers
peste wat bly pla

**hande**

i

jong mans en dames sien sy in die park
deftig uitgevat, glinster hulle, soos kristal, of glas
maar sy self bly onsigbaar, onaanraakbaar
sal sy voortgaan om haar eie hande vas te hou

stap sy deur die strate, pratend met haarself
wil amper roep vir iemand om te help
kyk sy honger rond vir slote of vir gate
sy moet tog weet: die tyd kom al hoe nader

luukse motor draai stadig om die hoek
skyn sy ligte op ’n weelderige ou gebou
sy kyk weg, begin haar een hand uitsteek na die ander
in haar verslete jas se uitgerekte regtermou

ii

sy sien kaalvoet seuns en meisies in die park
maar sy self is uitgevat, haar juwele glinster teen haar vel
tog wil niemand na aan haar begrip of deernis wys nie
sal sy noodwendig dan haar eie hande vas moet hou

ry hul deur die strate, haar gedagtes hou sy vir haarself
sy kon uitroep, as sy wou, vir iemand om te help
selfs rond begin te soek vir pille of ’n hospitaal
sy moet tog weet: die tyd kom al hoe nader

hulle luukse motor draai stadig om ’n hoek
skyn sy ligte op die weelderige ou gebou
sy kyk weg, begin haar een hand uitsteek na die ander
in haar warm jas se ander mou

**skuins**

geblinddoek soos ’n mol
hol sy deur ’n tonnel
man kom angstig agterna
geboeide voete, bespring hy haar

sagte woorde word geprewel
wemel soos wurms oor haar rug
hy bekyk haar, half beneweld;
stap hulle, sy met blomme, oor ’n brug

sewe kinders later, ’n dekade
sit hulle kruisbeen, peinsend op ’n stoep
probeer die smaak onthou van kos en water
hoor konstant, uit die strate, ’n geroep:

“stap die ordinêre pad as die gewete pla
antwoorde kom in elk geval eers jare na die vrae
feite bind ons, verdoof, verblind ons –
kinders, braaivleis, room en skons …”

en aan die einde bid boemelaars vir huise
bannelinge droom van huis toe gaan
niks oortref die vrede van ’n eie tuiste
beste dan vir eers, om nie te ver te gaan

**betree die dag**

my podium staan douvoordag op eie grond
gedagtes vir die dag moet ek nog formuleer
elkeen vir homself is dalk die norm
soveel te meer moet ek myself dan transformeer

so gee ek oor die leisels van die nag
skraap bymekaar wat ander elke dag verwag
begin op ’n drafstap saam te storm
tot ’n kommerfrons eerbiedig oor my voorkop vorm

ek bestel vroegtydig my ontbyt
afgelees van ’n handgeskrewe spyskaart
laat my opinies wyd en suid dan klingel
laat dit raas soos klokkies van my weekoue baard

want wat mense weet van neigings en van aard
kan in stof geskryf word op ’n ongewaste ruit
sou mense ooit wou vra na raad
sal ek dit aanbied met genadelose nugterheid

# Los foto's uit 'n laai

(1996)

**ekspatriasie (vrydagaand in ’n vreemde land)**

i

waterige bier, amerikaanse sigarette
gelowiges wat wierook opstuur na die maan en
die veraf silhoeët van expat slette maak
hierdie onmiskenbaar, nog ’n vrydagaand

marilyn monroe slaan haar arms om my
haar pienk bloes, haar soet parfuum is dalk te veel, maar
haar omhelsing aangenaam en op die regte tyd intiem
en my kop begin alreeds te draai

ritualisties om halfeen
druis Abba teen almal se beginsels in
maar op die vloer en op die tafels
dans almal soos net dronkes kan

enkelinge kom en paartjies waai
kort na twee is die vertrekke vol gelaai
teen drie praat almal gretig saam
oor politiek, kultuur en die stygende prys van bier

ii

vroegoggend vries my voete vas
in ’n systraat drink ons koffie
my een hand soek koud na sigarette
die ander hand vou warm om die koppie

iemand sê iets oor die lewe
sy aksent is duits, sy woorde oud
ek wou iets waag oor liefde of oor seks
maar selfs goed geformuleer, was die opinie steeds te rou

dae verander, oggendson begin
die koue skemer breek
ek drentel na die naaste hoek
en waai ’n taxi nader wat klandisie soek

ek mompel in ’n vreemde taal
iets wat sê dat ek wil huis toe gaan
en ek sluit my oë vir nog ’n nag se beelde
wat oorverdowend in my kop bly maal

# Album, deel twee

**sink**

almal hardloop weg, die rotte vlug
hy is … soos sy skip wat sink

met plegtige respek kom die salutasie
middelvinger in die lug
trek ’n blokfluit uit sy gatsak
speel ’n doodspsalm, keer
die golwe met sy voorkop

kalm spoel die dieptes
lewe die fontein van oorvloed
manna, kwartels, eilandstiltes
in wysheid byt hy, met vlymskerp tande
in die soet vlees van tweede lewe

so kom maar aan verraaiers!
kruip maar nader spotter-skare!
een vir een sal julle voor die werklikheid moet staan
en as julle oë dit nie kan sien, en julle ore nie kan hoor nie
laat ek dit dan uitskree om dit in te sink:

DAAR SAL ALTYD LEWE WEES!

selfs vir die enkele oorlewende.

**geografie**

nuwe behuising trek
lyne skuins oor my planne
my oë op skrefies tuur ek
deur ander vensters na bure se mure

veronderstel ek weet van meer
as net lewe en dood en pype vol muise
sou ek die preke van ouds kon memoriseer
het ek te veel geleer van oumenstehuise

ek loer soms te diep in die bottel van tyd
skryf notas op vloere met potlood en kryt
byt soms ’n knippie te veel
af van geel-verouderde reëls

na nuwe behuising moet mens soms trek
die werk van ’n man soos ’n vrou mos nooit klaar
maar ek skryf maar my lyne en hou maar my bek
trek my oë op skrefies tot volgende jaar

(Sondag, 14 September 2003)

**plek**

i

ontstuimig brand die vorm
laat die inhoud vars, onaangetas
klere van 'n ander eeu
hang onderstebo in my antieke klerekas

kyk aandagtig na die strate, markte
vroetel bietjie rond in hawestede
sluip kaalvoet snags deur halfverligte stegies
vou jou toe in 'n boemelaarskombers

te veel preek graag oor spreuke lank vergete
sing vals psalms oor verdoemde ou idees
rym dogma in met nuwe wetenskap
steel slinks oornag, woorde uit 'n kerker-biblioteek

ii

dosyne agterkinders, groter ouers voor
portrette teen verlepte mure, skyn halfhartig voort
boeke vol museums en ou geboue
sketse in 'n duisend gange vol gedagtes

herinner slegs, sing melodies sonder stop

priesters dans met ou karosse gedrapeer
oor skouers hangend onder die gewig
vyftigduisend jaar se soeke na 'n waarheid
hou in dreungesang aan om te dikteer:

dat plek en wete
nie net is waar jy behoort
maar waar, aan die einde
die siel behoort te wees

**troos**

ek kalligrafeer jou naam
oor die landskap van my siel
tatoeëer jou sonskyn en jou storms
oor die beend're van my hart

jou naam weergalm oor die vlaktes
soos 'n duisend kore in die nag
dring diep in donker grotte
tot by wesens skugter vir die dag

ek hoor jou naam gefluister
deur die skares in die strate
herken jou naam en wese elke slag
in my gedagtes en die woorde wat ek uiter

dus, aan die einde moet ek dit beken:

al stel ek soms myself verwaand bo hierdie sake
dat jóú bestaan my eie naam bevestig
en jou teenwoordigheid so na aan my
my die vertroosting bied wat ek benodig

**die kaal bed**

die kaal bed vries die siel
maar voor asemrowend skone beelde
staan die liggaam steeds gekniel
resiterend aan goed geformuleerde eergebede

rede kneus die voorgeskrewe doel
maar wys ook deur die dag en lange nag die pad
sluit oop die deure na
wat geslagte reeds begrawe lê

die dobbelsteen in stof geweek
sal respek by sekere groepe nooit kan kweek
wie nie waag nie bly steeds lê
want die lewe is ’n weddenskap, word daar steeds gesê

tot stof en alles en nog wat
op my kosmiese getuigskrif bly die klad
draai die blaaie, tel jou somme op
son en sterre, sewe hemels bo my kop

op ’n kaler bed kom slaap
na diep bepeinsing oor die mure en plafon
kon sy een maal bly tot donker ure
kon ek selfs voorgee dat dit saak sou maak

haar trane vlek die kussings van satyn
merk die pad wat ons sou stap
krap wonde tot die rouste vlees
net in ’n ander wêreld, sal ons vry kan wees

seine op die bed, flits bewussyn wakker
dansende gesigte, lywe kruipend
smee hul bande met my enkelheid
word die toneel met elke oomblik sagter

platoniese seks met geblinddoekte minnaresse
ontbloot my rug vir die onvermyd'like messe
rowe en littekens as kommoditeit weer uitgeruil
uiteindelik sal ook dit 'n nuwe tyd ontketen

sal die kaal bed uiteindelik iets meer beteken
as die verdowende alleenheid van 'n enkel-lewe
sal my mees gevreesde oomblik arriveer
sal ek geboorte gee aan 'n emosielose wese

tog bly die kamer leeg, word die lakens valer by die dag
waag sy kanse, meer as enige tyd in die onlangse verlede
bly die kas gesluit, my ongesproke woorde steeds haar buit
skryf ek steeds dieselfde strofes oor en oor

skryf, tot die eentonigheid daarvan my kop deurboor
maar al wat ek deur die geweeklaag hoor
is die rymende psalms oor verlore liefde
tot die kalmte van slaap weer oor my spoel

gesprekke soos serenades by my venster
of wakkerword-gebede voor my deur
lewer af die dag soos ongekraakte oggendblad
die swart en wit, die kleur van nugter waarheid

ek stoot teësinnig al die minnaresse grond toe
mompel jammer-sinne in dieselfde rigting
wil vuilgesmeerde note uit 'n hempsak trek
onthou dan die omgekeerde rolle van die laaste nag

'n mens sou die uitspraak dalk kon lewer
dat een wat situasies kompliseer, soos hy
een wat moontlikhede systap, of bloot ignoreer
'n bed soos dié ontvang as sy verdiende loon, dan nie?

maar genade val soos 'n gordyn vol stof
aanvanklik bitter op die tong en longe
laat strepe maanlig val soos valse hoop
oor die bed van lakens en pretensie weer gestroop

geloof in liefde, en in die waarde van vermaak
want hierdie bed sal eersdaags weer ’n nuwe rol betree
verhoudings in die pyplyn wat weer sin sal maak
wat nuwe rigting en waarde aan ’n mens se lewe gee

sal die bed, simbolies van die liggaam en die siel
weer albei oproep uit die dieptes waar mens kniel
sal jy op die punt waar jy glo jy kan nie verder
jou blind staar aan die gesig van ’n asemrowend skone beeld

* * * * * * * * * * *

Meer inligting oor *Koors/Fotografie: Twee Versamelings Gedigte* is beskikbaar op hierdie blad :

http://brandsmit.net/koors-fotografie-beskikbare-formate/

Vir enige navrae, kontak my asseblief per email: mail@brandsmit.net

* * * * * * * * * * *

**Brand Smit**:

Gebore op 'n wintersnag in Pretoria in 1971. Reis saam met sy familie deur Suid-Afrika vir die grootste deel van die volgende 15 jaar. Eindig weer op in Pretoria, waar hy matrikuleer in '89.

Na matriek betree hy die Universiteit van Pretoria. Gaan voort met die nodige opleiding om sy lewe te kan slyt as 'n produktiewe volwasse. 'n Jaar later vertrek hy Kaap toe.

Na vyf jaar van leer om te dink volg hy die enigste pad wat redelik blyk te wees na hy daaraan gedink het. Twee jaar in Suid-Korea maak hom gretig om die res van sy lewe in die land van sy geboorte te spandeer. Ses maande in Johannesburg volg. Hy verlaat weer sy geboorteland – dié keer vir 'n stad in die suide van 'n eiland in Noordoos Asië.

Lees meer: [BRANDSMIT.NET](BRANDSMIT.NET)